

## 20 Oktober Numeri 27:12 -14 en Deuteronomium 3:21-29

(Teks: Numeri 20:9-11)

### ***Moses se straf***

Moses se straf was bitter swaar. Hy mag die volk nie in Kanaän inlei nie! Dié Beloofde Land wat in sy hart geleef het! Nou dat hy op die drumpel staan, mag hy daar nie ingaan nie. Soos die ongelowige Israëliete in die woestyn gesterf het, moet Moses ook sterwe. In Deut. 3 vertel Moses vir ons hoe hy die Here gesmeek het "Laat my tog nou deur die Jordaan gaan om hierdie mooi land te gaan bekyk" (25). Maar die Here wou sy gebed nie verhoor nie! (26).

Alhoewel Moses die middelaar van die Ou Testament genoem word; die sagmoedigste man op aarde (Num. 12:3); en al word in Deut. 34:10 gesê dat daar nie weer 'n profeet in Israel soos Moses was nie - was hy 'n *sondaarmens* by wie niemand heil kon vind nie. (Ps. 146:6 ber.). Die enigste heil vind ons by dié rots wat deur Moses geslaan is - Jesus Christus, die volmaakte Middelaar tussen God en mens (1 Kor. 10:4). Want nooit was Jesus ongehoorsaam nie. Ook toe Hy as Rots aan die kruis geslaan is, het Hy die Naam van sy Vader geheilig.

Dit wat met die Israëliete in die woestyn gebeur het is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons om *nooit* aan God en sy Woord ongehoorsaam te wees nie (vergelyk 1 Kor. 10:6-11). En as dit wel gebeur? Ons het die Rots, Jesus Christus, met Wie ons in berou en bekering kan praat. En uit Wie die waters van sy Heilige Gees uitstroom om ons gehoorsaam te maak (Eseg. 36:27)!

Sing Skrifberyming 14:1 en 2

Dr. C J. Malan (Emeritus)